Vrydag

Wat's tops

Op die hoofstroomkringloop

1. Justice League
2. Daddy's Home 2 (foto)
3. Coco
4. Thor: Ragnarok
5. Murder on the Orient Express
6. Geostorm
7. The Star
8. The Mountain Between Us
9. Jungle Bunch
10. Liewe Kersfees-vader

Op die Nouveau-kringloop

1. Murder on the Orient Express
2. Tulip Fever
3. Victoria and Abdul
4. The Man with the Iron Heart
5. Professor Marston and the Wonder Women
6. The Mountain Between Us
7. Rebel in the Rye
8. Suburbicon
9. David Hockney: Royal Academy of the Art
10. Die Zauberflöte

Konserte

Lumin: Die storie wat lig bring

In die tyd toe haar seuntjie sterwend siek was aan leukemie, het die storie van Lumin by Zandré Botha ontstaan. Haar eerste kinderboek, *Lumin Finds the Lighthouse*, is pas gepubliseer en dís maar net die begin van 'n groot, wonderbaarlike reis.
Deur **Terésa Coetzee**.

Zandré Botha se seuntjie Danté was maar net twee jaar oud toe leukemie by hom gediagnoseer is en as enkelma was dit die begin van 'n baie moeilike pad. Met geen ondersteuningsnetwerk nie moes sy dag en nag haar siek kind oppas, sy het haar werk verloor en haar geld het bitter gou opgeraak.

"Omdat ek konstant daarvan bewus was dat ek sterk moet wees ter wille van Danté, het ek nooit die luuksheid gehad om te kon huil nie.

"Ek kon letterlik 'n fisieke pyn in my hart en keel voel, maar elke keer as ek gesien het hoe dapper my lieflike kind was, het ek geweet ek moet ook dapper wees. En dit het gemaak dat ek glad nie meer kon huil nie," sê sy.

Sy onthou hoe sy haar een aand aan die slaap gebid het. En 03:00 daardie oggend het die beeld in haar kop van 'n klein meisietjie in 'n wit rok haar wakker gemaak.

"Die prentjie was só duidelik en ek het geweet ek moet haar verf. Maar in daardie stadium het ek nie eens geld vir petrol en kos gehad nie, so die gedagte om verf te gaan koop was absurd. Ek het in die motorhuis gaan krap en wraggies die vier kleure gevind wat ek nodig gehad het om die prent wat ek daardie nag gesien het, te verf," sê Zandré.

Zandré Botha en haar seuntjie Dantè (8).

Twee uur later het die prentjie van 'n pragtige, feetjieagtige dogtertjie op die tafel gelê.

"Die dogtertjie het so gelukkig en tevrede gelyk, maar terselfdertyd sterk en weerloos. Daar was net iets omtrent haar . . . en terwyl ek so na haar gekyk het, het die trane oor my wange begin rol. Vir die eerste keer in maande kon ek weer huil en dit was asof die greep om my keel gelos het. Ek kon weer asemhaal," onthou sy.

Om die monster te beveg

Om hulpeloos te moet toekyk hoe jou kind teen kanker veg wat sy klein lyfie aftakel, is erger as om wapenloos uitgelewer te wees in 'n oorlogslagveld.

"Dis verskriklik. Jy probeer om nie mal te word nie, om nie ingesluk te word in die donker wêreld van moedeloosheid en negatiwiteit nie, maar dis só moeilik," sê Zandré.

Danté het drie jaar dapper teen die kankermonster geveg voordat hy die stryd gewen het. Maar Zandré het ál haar inkomste verloor – sy het as voorligter en lewensafrigter vir haarself gewerk.

"Ek onthou hoe ek eenkeer in elke laai in die huis gekrap en geld gesoek het net om petrol in my kar te kon gooi, want ek moes hospitaal toe ry.

"Ek het met 1½ liter petrol in my kar Pretoria toe gery.

"Ja, ek weet. Dit maak nie sin nie, maar in daardie tyd het soveel wonderwerke gebeur."



Danté het nege maande lank intensiewe chemoterapie gekry. Hy was so siek dat dokters gereeld vir Zandré gesê het sy moet haar op die ergste voorberei.

"Ná die chemoterapie was daar amper niks van hom oor nie. Sy immuunstelsel was so swak dat hy die hele tyd siek geword het. Ek moes dikwels 02:00 in die oggend hospitaal toe jaag omdat sy hele lyfie geruk het van die koors.

"Saam met die kanker moes hy gereeld teen longontsteking ook veg. Dit het 2½ jaar so aangehou," onthou Zandré.

Danté het meer as 17 bloedoortappings gekry, meer as tien lumbale punksies en meer as 700 inspuitings. As gevolg van die chemoterapie het hy konstant diarree gehad en sy boudjies het gereeld gebloei.

En toe kom Lumin

Zandré het besluit om die meisietjie in haar droom Lumin te noem. Sy besluit toe om die Lumin Foundation te stig, 'n organisasie wat ander ouers en kinders help wat deur dieselfde krisis as sy gaan.

"En toe het ek bowenal 'n professie gekry dat ek Lumin in 'n boek moet gebruik," vertel Zandré.

"My wens is dat hierdie boek ouers en kinders sal help om die lig van hoop en 'n doel te vind. My wens is verder dat almal in geloof sal leer lewe, want dít is ál hoe 'n mens so 'n moeilike pad oorleef," sê Zandré.

Haar doelwit met die Lumin Foundation is om ander ouers wat hul inkomste verloor het as gevolg van 'n kind met kanker finansieel te help.

Al die winste wat uit die boekverkope kom, sal vir dié doel gaan.

Sy wil ook 'n span bymekaarsit wat ouers kan gaan help en aflos by hospitale.

Zandré se grootste droom is om 'n kinderhospitaal te bou wat eksklusief na kinders omsien. Maar anders as 'n hospitaal moet dit 'n vriendelike, huislike omgewing wees waar siek kinders versorg kan word.

Sy het reeds die terrein vir so 'n hospitaal in Muldersdrift gekry.

"Ek weet dit is maar net die begin van 'n wonderlike verhaal. Ek weet die Here is nog nie klaar met hierdie projek nie en Hy laat sy meetsnoere op lieflike plekke vir my val."

Danté is nou al agt jaar oud en steeds in remissie.

■ ***Lumin Finds the Lighthouse* is die eerste in 'n reeks boeke en Nickelodeon het ook aangedui dat hy belang stel om 'n televisiereeks van Lumin te maak.**

Die boeke kan bestel word by zandre@luminempire.co.za. Dit kos R150 per boek, posgeld uitgesluit.